**PUKKE!**
**vir al u kleurbaadjies**
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
**Tel. 3612**
**POTCHEFSTROOM**
**Kerkstraat 92**
**Tak: Tomstraat 100**

**die WAPAD**
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVII VRYDAG, 24 MAART 1972 Nr. 3

**C[illegible]HET APTEEK**
**Groot genoeg om u te bedien**
**Klein genoeg om u te ken.**
★
**DIE STUDENTE-APTEEK**

# P.U.-KAMPUS WORD HERBOU

BIBLIOTEEK

### *Die oue en die nuwe*



**Uitbreidings aan die biblioteekgebou soos gesien vanaf die Hoofgebou.** *Fotokuns.*

**'N BEDRAG VAN NAGENOEG R30 MILJOEN VERSKYN TANS OP DIE KAPITAALSKEDULE VAN DIE P.U. VIR C.H.O. TEN OPSIGTE VAN PROJEKTE WAT PAS VOLTOOI IS, IN DIE PROSES VAN UITVOERING IS OF NOG IN DIE BEPLANNINGSTADIUM VERKEER.**

**In *Personeelnuus*, die nuusbrief van die Personeelklub, word berig dat hierdie program ontplooi saam met die groei van studentegetalle aan die Universiteit, asook as gevolg van die dinamiese uitbouing van departemente, nuwe studierigtings en ander fasiliteite. Die program strek dan ook oor 'n hele aantal jare en moet dus noodwendig gedurig hersien en aangepas word. Die bouprogram word verdeel in akademiese geboue, koshuise, studentefasiliteite en terreinontwikkeling.**

**AKADEMIESE GEBOUE**

Gedurende 1971 is groot bedrae bestee aan die oprigting en uitbreiding van verskeie geboue Uitbreiding aan die L.O.-gebou. het R100 000 bedra, die geïndustraliseerde gebou vir Spraakleer en Drama en Mikrobiologie R260 000 en die nuwe gebou vir Geografie, Bodemkunde en Beplanning R660 000.

Die uitbreiding aan die Biblioteekgebou, asook die Chemie- en Fisikalaboratoria bedra tesame ongeveer R4 miljoen. Daar word tans planne vir 'n Biologiese kompleks van nagenoeg R12 miljoen en 'n Opvoedkunde/Sielkundegebou van R1 500 000 gefinaliseer. Die modernisering van laboratoriumuitrusting en die aankoop van gespesialiseerde apparaat en toerusting vorm jaarliks 'n aansienlike item op die kapitaalbegroting.

Op hierdie stadium skenk die Raad van die P.U. ook aandag aan die verkryging van 'n geskikte terrein en die oprigting van 'n gebou vir onderrigdoeleindes vir die P.U. se tak in die Vaaldriehoek.

**KOSHUISE.**

Die oprigting van Kasteel, wat later huisvesting aan vyfhonderd mans moet bied, het ongeveer R2 200 000 beloop. 'n Identiese kompleks vir die huisvesting van vyfhonderd dames ten suide van Kasteel word tans teen dieselfde koste opgerig en behoort aan die einde van 1973 voltooi te wees. Aandag word reeds gegee aan die oprigting van verdere koshuise.


Daar word besondere aandag geskenk aan die oprigting van koshuise om die studente so gerieflik moontlik teen ekonomiese tariewe te laat inwoon.

Die nuwe sportterrein wat binnekort in gebruik geneem word, het R350 000 gekos en die kleedkamerkompleks en die krieketpawiljoen bedra ongeveer R250 000. Wat die Studentesentrum betref, berig *Personeelnuus* dat die beplanning reeds so 'n gevorderde stadium bereik het dat met die bouwerk begin kan word sodra die terrein gereed is. Die Studentesentrum sal ongeveer R2 500 000 kos.

**TERREIN-ONTWIKKELING.**

Groot komplekse soos die Studentesentrum en die Biologiese kompleks maak 'n nuwe uitleg van die kampus noodsaaklik. Daar word beoog om die Studentesentrum die middelpunt

**Vervolg op bladsy 5.**



**Uitbreidings wat die Chemie-, Fisika-, Industriele Chemie- en Farmasiegeboue met mekaar verbind, word tans ter waarde van ongeveer R4 miljoen uitgevoer.** *Fotokuns.*

## Gradeplegtigheid:

# DERTIG DOKTORSGRADE WORD TOEGEKEN

**'N REKORDGETAL van dertig doktorsgrade word op Saterdag, 22 April, tydens die jaarlikse gradeplegtigheid van die P.U. uitgereik.**

Die P.U. staan bekend as die universiteit in Suid-Afrika wat die hoogste persentasie nagraadse studente huisves en vanjaar behoort die persentasie weereens meer as dertig persent te wees.

Die volgende persone ontvang doktorsgrade:

**D.Litt.**
M. G. Scholtz.

**D.Phill.**
P. F. Erasmus.
C. A. Lohann.
S. Oosthuizen.
L. T. van Zyl.

**D.Sc.**
J. Booyens.
F. J. Coertze.
W. F. Coertze.
T. de Wet.
J. P. Furstenburg.
J. M. Hattingh.
E. J. Kruger.
H. G. J. Potgieter.
J. P. L. Reinecke.
C. L. Sander.
J. W. H. Swanepoel.
M. J. Venter.

**Th.D.**
P. Rossouw.

**D.Ed.**
S. S. Barnard.
J. H. Kruger.
G. D. Pretorius.
Z. Rittersma.
P. J. N. Snyman.
J. A. Vorster.

**D.Comm.**
C. H. Boshoff.
W. A. A. Gouws.
J. J. Potgieter.
D. B. van der Schyff.

**D.B.A.**
H. R. Lemmer.

Op Saterdag 22 April word ook 134 ander grade toegeken wat die getal tweede grade en hoër opskuif na 164.

Op Vrydagmiddag 21 April vind die gradeplegtigheid van eerste grade en diplomas plaas waarvan die getalle nog nie bekend gemaak is nie. Daar word verwag dat ook hier 'n rekordgetal grade toegeken gaan word.



**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**

★ **BOUTIQUE**
★ **GESKENKE**
★ **JUWELE**
★ **KUNSHAARSTUKKE**

**AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS**
**Tomstraat 89b en c.**
**Foon 5943, 3377**

**STUDENTE APTEEK**

# JY, MEISIE

**EK WIL u graag gelukwens met Aster. Dit is vir my 'n lofwaardige poging om die eenheidsband tussen u as dames te versterk. U besit 'n eie belewingswêreld waarvan ons mans weinig weet, en in daardie wereld kan Aster 'n belangrike rol vervul om mekaar te skool en te vorm vir u taak en roeping as vroue in ons land.**

**MAATSTAF.**

U vra my na die rol wat die vrou moet vervul t.o.v. die intellektuele terrein, die sportterrein en t.o.v. algemene deelname. In die beantwoording daarvan is daar 'n paar grondfaktore wat ons onder oë moet hou. Ons moet wegbreek van 'n historiese maatstaf om die posisie van die vrou te beoordeel. Omdat sommige vroue in die Ou Testament kleinvee opgepas het en die vrou in die ou Griekse tydperk feitlik nie op straat mag verskyn het nie, beteken nie dat die vrou van vandag dit ook moet doen nie.

**ROEPING.**

Die hoogste en edelste roeping van 'n vrou, na my mening, is om vrou vir haar man en moeder vir haar kinders te wees. Dit moet enige vrou se beoordeling van haar posisie beheers voor die huwelik en daarbinne. Sy moet 'n ware huweliksmaat vir haar man wees. U as dame wat die voorreg het om intellektueel geskoei te kan word, moet daardie intellektuele kennis gebruik in u kommunikasie met u man, maar ook in die opvoedingsproses van u kinders. U moet 'n intellektuele maat vir u man wees. U mag in die beroepslewe ook u kennis aanwend, mits u nie bogenoemde roeping sal verkrag nie.

**SPORT.**

Sport? Ek kan nie van ondervinding spreek nie, maar ek dink dit kan vir 'n vrou maar nou word tussen die mure van haar huis of woonstel. Sportbeoefening kan vir haar saam met haar gesin 'n aangename afwisseling wees. Maar bo alles moet sy vrou bly in haar sportbeoefening. Dieselfde geld vir deelname in die algemeen.

Dit is my beskeie mening en noudat ek my sê gesê het, klink dit maar na holle klanke en staan ek opnuut klein voor die ryke misterieuse belewingswêreld van die vrou. Dit maak alles so interessant en uitdagend.

**Kobus van der Walt.**



**Mnr. Kobus van der Walt, verstrik in die netwerk van vrouelogika.** *Fotokuns.*

# DIE OORSPRONG VAN SKRIKKELJAAR

**SKRIKKELJAAR, is man-vra-jaar, maar van waar het dit sy ontstaan gehad?**

Die Juliaanse kalender wat in 45 v.C. deur Julius Caesar ingestel is, het 66 dae bygevoeg by die Romeinse kalender wat 10 maande (304 dae) gehad het met 'n ekstra dag in Februarie elke vier jaar. Hierdie kalender is hersien deur Pous Gregorius XII (1502-85), wat 5 Oktober 1882 15 Oktober gemaak het en sodoende 10 dae ingehaal het. Ook het hy bepaal dat 'n eeujaar 'n skrikkeljaar is, alleen as die getal deelbaar is deur 400. 1900 was dus geen skrikkeljaar nie, maar 2 000 sal dit wel wees.

**Kalender.**

Hierdie kalender is eers in 1752 in Brittanje en Amerika aanvaar en in 1918 in Rusland.

Die term „bissextile" verwerk van „bis sextus dies" of 'n dubbele dag word soms gebruik in plaas van die term „Leap year" in Engels. Dus 'n dubbele dag van Februarie die 28ste.

Die betekenis van skrikkeljaar is baie betekensivol. Die spesifieke dag, naamlik die 2. ste Februarie, het geen status in die Engelse Reg gehad nie en as gevolg daarvan is dit „Leapt over" genoem wat dan ook die term „Leap year" verklaar.

**Ja-woord.**

Dit word beweer dat Koningin Margaret van Skotland in 1288 deur haar Parlement bepaal het dat 'n vrou gedurende skrikkeljaar die man van wie sy gehou het, die ja-woord kon vra. Hy kon dit alleenlik weier as hy reeds verloofwas. 'n Vrygesel kon selfs met R200 beboet word as hy geweier het.

Die Skotte is egter bekend vir hulle wysheid en het 'n plan gemaak om hulle te beskerm teen onverwagte aansoeke. Die vrou, het hulle bepaal, kon alleen die ja-woord gedurende skrikkeljaar vra en dan moet sy oor 'n rooi onderrok met 'n duidelike soom dra wat uitgesteek het by die rok. Die man was dan betyds gewaarsku en kon wegvlug.

**Nonne.**

Die ongetroude staat tussen Priesters en nonne was nie altyd die reël nie.

Tydens die bewind van St. Patrick het St. Bridget in trane na hom gekom, met die nuus dat die nonne in opstand was. Die rede: dat net mans volgens instelling huweliksaansoeke kon maak en dat die vrouens nie ook vir hulle 'n maat kon kies nie.

Patrick wat self 'n belofte gemaak het om nooit te trou, het simpatie met die rebellerende nonne gehad. Hy het ook dan voorgestel dat vrouens elke sewe jaar die ja-woord kon vra. Bridget was nog glad nie tevrede nie. Sy het 'n man se swakpunt geken en haar arms om sy nek gegooi, met die versoek dat hy dit elke vier jaar moes maak. Hy het dit so geniet dat hy toe gestem het.

**Gebruike.**

Die dames van vandag mag glo weer sykouse eis van die man wat haar aansoek weier. Maar om sommige mense die verleentheid te spaar is daar ook ander gebruike:

1. Nooi die man van jou hart om by jou te kom koffie drink: as hy dit aanneem moet jy sorg dat jy die nooi van sy hart word.

2. Stuur aan hom 'n klein geskenkie, byvoorbeeld 'n sleutelhouertjie, as hy verder met die saak wil gaan moet hy iets terugstuur.

As hy weier, moet hy blomme aan die dame stuur.


CACHET MODES

DIE DAMESWINKEL

bied u

SOMERMODES

wintermodes

ONDERKLERE

broekkouse

TOMSTRAAT 92


# ASTER

DEUR JESSICA°


# SKRYFSTER VAN FAAM

**Die afgelope aantal jaar het Elsabe Steenberg op die voorgrond getree as skryfster. Veral na die publikasie van "*Rondomtralie*", 'n vervolgverhaal wat nou ook in boekvorm uitgegee word, het sy landswyd bekendheid verwerf.**

**Agtergrond:**

Sy is gebore te Vrede in die Vrystaat, maar die hele gesin het daarna na Potchefstroom verhuis. Elsabe spruit uit 'n intelektuele gesin. Haar vader was lank die hooflanddros van Potchefstroom en haar moeder is self 'n bekende skryfster. Die bekende Andre P. Brink is haar broer, terwyl haar jongste broer besig is met sy M.Sc. en haar suster, mej. M. Brink, 'n dosent in Psigologie aan die P.U., besig is met haar doktorsgraad. Mnr. Steenberg is dosent in Afrikaans-Nederlands aan die P.U.

Sy het die kursus B.A.-U.O.D. aan die P.U. vir C.H.O. gevolg en ook haar Meestersgraad verwerf in Afrikaans-Nederlands. Daarna gee sy twee jaar lank Afrikaans aan die Hoërskool Gimnasium. Sy het ook twee jaar gelede Afrikaans doseer aan die P.U.



**Mev. Elsabe Steenberg.** (*Fotokuns*).

**Beginjare:**

As kind van 13 het Elsabe met die skryf van 'n roman begin, maar daar het niks van gekom nie. Sy het toe verhale laat publiseer in die **Patrys, Jongspan** en **Klein Burger** teen vergoeding van 'n paar sjielings. Haar ander verhale was nie geslaagd nie. Op vyftien jaar het sy 'n verhaal geskryf oor hoe 'n dogter van veertien/vyftien jaar dink en optree. Dit is nie aangeneem as gevolg van die negatiewe kritiek dat 'n dogter van vyftien nie so sal dink en optree nie. As student laat sy kortverhale publiseer in die **Brandwag, Huisgenoot** en die **Sarie Marais.** Tans skryf sy ook verhale vir die **Sarie Marais,** die **Huisgenoot** en die **Tydskrif van die Letterkunde.**

**Sestigers.**

Sy beskou hulle werke as baie verdienstelik, maar dat dit nog nie tot volle rypheid gekom het by die wat daardie rigting nastreef omdat hulle nog 'n eksperimentele tydperk beleef. Sy meen dat hulle nog balans sal kry.

Die Sestigers se strewe as kunstenaars is nie altyd suiwer nie: hulle wil die ou dinge weggooi en propaganda maak vir nuwe dinge. Sy glo nie dat kuns voorkom in die strewe om te skok of om aards te wees nie, want hulle probeer nie mét suiwer drang na die diepere streef nie.

Hulle beste werke kan egter goed vergelyk word met die beste werke in ander lande.

Skrywers wat meer behoudende kuns weergee en wat sy nie Sestigers noem nie is: Anna M. Louw, Elsa Joubert en Bertha Smit.

**Skryfstyl:**

Elsabe hou nie van tierlantOntjies nie. Elke werk lewer 'n eie struktuur en sy probeer altyd die inhoud by die struktuur aanpas. Sy skryf graag kort romanse met min karakters, — omdat sy die karakters beter van binne kan belig en as daar te veel karaters is, is dit nie moontlik nie.

Sy stel baie belang in wat **binne** in die mens aangaan, eerder as in intrige. Mense mag dink van haar werke is somber, maar dit is net omdat daar meer te sê is wanneer die karakter 'n stryd voer. 'n Mens kom tot openbaring as jy onder sulke omstandighede leef en leer dan ook om jouself mer volkome te verstaan.

Sy raak eers geinteresseerd in 'n tema, doen dan navorsing en werk haar karakters goed uit voordat sy begin tik. Omdat sy klein kindertjies het en soms onderbreek word, is deeglike voorbereiding noodsaaklik. Sy skryf graag oor kinders en van kleinsaf wou sy twaalf kinders gehad het. Sy het vier wat haar egter genoeg besig hou.

**Rondomtralie:**

Haar jongste werk „Rondomtralie," is landswyd bekend. Die titel is deur mnr. Steenberg gegee. Daar was baie navorsing aan verbonde en Elsabe het egter nie baie samewerking gekry nie. Sy het veral M.A.-verhandelinge en sosiale studies oor gevangenisse geraadpleeg. 'n Artikel in die **Sarie Marais** wat deur Lets Kock gepubliseer is en ook die Cohen-verhoor het ook daartoe bygedra dat sy die verhaal geskryf het. Miskien ook omdat daar nie juis fiksie bestaan oor vroue in 'n gevangenis nie.

Haar karakters word lewend en sy word selfs baie lief vir hulle, terwyl sy aan die tema werk. Vir Thelma veral het sy baie lief geword.

„Rondomtralie" is nie geskryf met die doel dat die mense daarvan moet hou nie, want Elsabe wou dit eers nie as vervolgverhaal laat publiseer nie. Maar juis as gevolg van die feit dat sy nie „gewilde" werke wil lewer nie, skep sy kuns van 'n hoogstaande gehalte wat aangrypend spreek tot lesers dwarsdeur die land.

# Selvergadering gehou te Kulu

**Op Maandagaand 13 Maart is 'n baie geslaagde Korps-selvergadering in Kulu se sitkamer gehou. Dr. Elaine Botha het die dames toegespreek oor wat van die C.H.O.-ideaal aan die P.U. geword het.**

**Wat behels dit.**

Sy het kortliks genoem dat hierdie ideaal behels dat alle lewensterreine waaroor wetenskap gevorm word, gesien sal word „In U lig".

Om die aard van Christelike-wetenskap te begryp, moet ons in gedagte hou dat geloof en wete nie geskei kan word nie, aan alle kennis gaan geloofsveronderstellinge vooraf. Wetenskap is nie adonoom nie, dit is onverbreeklik verbonde aan die gewone lewe.

In ons kultuur maak ons 'n skeiding tussen geloof en lewe — nou neem ons aan dat hierdie skeiding ook t.o.v. die wetenskap geld. Dit is egter nie so nie.

**Positief gesien.**

Die menslike hart is die uitgange van die lewe, ons moet alle lewensfasette sien as religieus-bepaald. Die wetenskap beskou egter net een faset van die werklikheid los van die ander. As jou geloof betrekking het op jou volle lewe, dan sal dit ook betrekking hê op daardie aspek van die lewe wat in die wetenskap bestudeer word.

**Openbaring van God.**

God openbaar hom in sowel Skriftuur as natuur. As ons besig is met 'n wetenskap aangaande watter faset van die werklikheid ook al, is ons besig om op 'n wetenskaplike wyse 'n stuk van God se openbaringswerklikheid te bestudeer, het sy gesê, en hierin is Sy almag en Sy goddelikheid duidelik en onmiskenbaar te sien.

Sy het voorts gesê dat daar onthou moet word dat die Bybel geen wetenskaplike handboek is nie. Dit bied openbaringsgegewens t.o.v. die lewe van die mens in sy verhouding tot God, sy medemens en die natuur wat aan sy sorg toevertrou is.

**I.W.**

Dr. Botha het ten slotte gesê dat I.W. 'n belangrike leemte kan aanvul t.o.v. 'n Christelike antropologie, sosiologie en die belangrikste opvattinge aangaande die Christelike wetenskap. Sy het enkele redes aangestip waarom somtyds gevoel word dat hier weinig C.H.O. aan die P.U. is.

Vakwetenskaplike skoling is alreeds 'n voltydse taak.

Weinig wetenskaplikes het die belangstelling of die tyd om hulle te skool in die filosofie (verteoretiseerde lewens-en-wêreldbeskouing).

**Belangrik vir die student.**

Die universiteit is 'n gemeenskap van studente en dosente — iets van die akademiese gemeenskap van die heiliges. Daarom moet die student op 'n mooi manier daarop aandring as daar in 'n klas niks van christelikewetenskap tereg kom nie. Dit is elke student se verantwoordelikheid.



**Prof. D. P. Erasmus.**
*(Fotokuns).*

# KNELPUNTE IN ONS ARBEIDSVRAAGSTUK

**"ONS MOET ons arbeidspotensiaal beter benut met baie groter klem op opleiding vir alle rasse. Hierdeur sal ons ons arbeidsbronne kan verbeter." Hierdie bewering is deur prof. D. P. Erasmus van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe aan die P.U. gemaak op die jongste P.N.B.-programvergadering.**

Prof. Erasmus het oor die omstrede onderwerp van werkreservering en -afbakening gepraat. Die geweldige klomp vrae wat in vraetyd gestel is, het getoon dat die Puk-studente nie passiewe toehoorders is nie.

Hy het die vergadering daarop gewys dat die groeitempo van die land bepaal word deur faktore soos arbeid, kapitaal, grondstowwe en die sosio-politieke raamwerk waarin gefungeer word.

Suid-Afrika se groeitempo was 51,2% teenoor die V.S.A. se 4% en Brittanje se 2% die afgelope jaar. Vir 1972 word 'n groeikoers van 4% in die vooruitsig gestel, wat S.A. as ryk en welvarend laat kwalifiseer.

Die spreker is van mening dat ons huidige inflasiekoers van 6% per jaar redelik is vir 'n Westerse land. Die oplossing sien hy in 'n groter gebruikmaking van arbeid. Deur werkafbakening en -reservering word die land se ekonomiese groei belemmer en sy produktiwiteit verswak. Tans is daar sowat 3/4 miljoen nie-blankes werkloos en dit kan net aanleiding gee tot geweld en onluste.

Daar moet aanpassings kom in die Suid-Afrikaanse arbeidspolitiek. Dit is nie dat die spreker teen aparte ontwikkeling is nie, maar hy het dit teen die feit dat die oorskot nie-blankes nie toegelaat word om geskoolde werk te verrig waar daar nie blankes is om dit te verrig nie. Deur dit toe te laat sal die inkomste-gaping tussen blank en nie-blank vernou. Loonsverhoging sal dan op produktiwiteit gebasseer word.

Die meeste blankes is bereid tot aanpassing d.w.s. die opneem van nie-blankes in tradisionele blanke werk net solank hulle (die blankes) se lewensstandaard nie hoef te verander nie. Die Bantoe moet opgelei word om mee te ding op die wêreldmark.

Prof. Erasmus het gesê dat daar geen nodigheid is vir werkreservering. Die blanke moet besef dat hy steeds die hoogste produktiwiteit moet lewer ten einde sy werk in kompetisie met die nie-blanke te behou.

Die tweede P.N.B.-program-vergadering vind in samewerking met die S.S.B. plaas op 9 Mei. Die spreker is mnr. E. W. J. Opperman, voorsitter van die Olimpiese komitee vir S.A. Die onderwerp is „Ons internasionale sportposisie". Die derde vergadering word in samewerking met die K.V.V. gehou en die onderwerp is „Ondermyning". As spreker sal optree dr. Percy Yutar, adjunk prokureur-generaal van die Vrystaat.

Die doel van die P.N.B. is om in die politieke behoeftes van die student te voorsien. Daar kan egter niks bereik word sonder die student se aktiewe deelname nie.

## MATIES KOM NA P.U.

Die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch besoek die Puk op 29 en 30 Maart. Dit sal die eerste kontak tussen die twee studenterade wees sedert 1967.

Die besoek word as voorbereiding vir die studenteraadskonferensie wat later vanjaar op Stellenbosch plaasvind, gesien.

Onder die agendapunte is die verhouding tussen buitemuurse-en dagstudente, asook ASB skakeling: motivering en metodes.

## Speel musiek by kafeteria

Die Diskoteek-komitee het onlangs bekend gemaak dat Pukke uitgenooi word om saans in sleeptyd te kom luister na populêre musiek wat by die kafeteria gespeel word. Studente is ook welkom om hulle eie plate te bring. Die diskoteek is langs die penningmeesterskantoor.

Sondagaande na kerk tot 9.30 word daar klassieke musiek in die Totiussaal gespeel.

## Tuislandtoer en konferensie

Op Saterdag 1 April vind daar in Pretoria 'n konferensie tussen die studenterade van al die A.S.B.-geaffilieerde sentra plaas. By die geleentheid sal 'n gekonsolideerde verslag t.o.v. die funksionering en struktuur van die A.S.B. saamgestel word. Die verslag sal bestaan uit die bevindings en aanbevelings van die onderskeie plaaslike A.S.B.-komitees. Vyftien S.R.-lede van die Puk woon die konferensie by.

Daarna vertrek die verskillende Universiteite se studenteraadslede en redakteurs van studentekoerante op 'n toer van 'n week deur drie Tuislande in Noord-Transvaal. Die doel van die toer is om eerstehandse kennis van die Tuislande te bekom. Hierdie inligting sal aan studenteverenigings beskikbaar gestel word, sodat die tuislandprogram van die A.S.B. deurgevoer kan word.

## Pukkie word landwyd versprei

**DIE eerste tekens van Karnaval '72 is onmiskenbaar in die lug en wel in die vorm van die verskyning van *Die Pukkie*.**

Daar is vanjaar 35,000 Pukkies te koop. Hulle word hierdie keer spesiaal in Pretoria gedruk en die drukkers meen dat die Pukkie besonder goed vergelyk met die „blaaie-in-ligter-trant" van die ander universiteite.

Soos gewoonlik sal die eerstejaars die voorreg hê om ons Karnavalblad te versprei op Saterdag 25 Maart. Busse sal vir die doel beskikbaar wees en sal Pukkies en verkopers vervoer na plekke soos Bloemfontein, Pretoria, Johannesburg, Pietersburg en andere. Vanjaar word 'n wyer gebied deur verkope gedek deurdat daar ook Pukkies in Oos-Transvaal en Natal versprei word. Die seniors is welkom om met die verspreiding te help.

Die opbrengs gaan vanjaar deels vir liefdadigheid en deels aan die fondse vir die Studentesentrum.

Op Vrydag 24 Maart word tydens die kruiwaresies die eerste Pukkie aan die dorp se burgemeester oorhandig deur die Hoof-Redakteur, Jacques Verster Kompetisie in die kruiwaresies vind weer op koshuisbasis plaas en die koshuis wat die beste jaer oplewer, kom in aanmerking vir die gesogte Hings Beyerswisseltrofee. Die resies vind plaas in die hoofstraat, vanaf die O.K.-Bazaar tot voor die stadsaal.

## Korps stel visiere op Sekoekoenieland

Lede van Korps Veritas Vincet beoog om gedurende die Julie-vakansie opheffingswerk in Sekoekoenieland te gaan doen. Benewens 'n bouprogram om verbeterde geboue vir die inwoners op te rig, beoog die lede om in die aande lesings aan te bied en opvoedkundige gesprekke met die inwoners te voer ten einde hulle lewenspeil te verhoog.

Belangstellendes word gevra om met die Korps-bestuur in verbinding te tree.


**LINDEQUE'S**

SKOENREPARASIES EN LEERWERKE

**Lombardstraat 64, Telefoon 4854.**



★

*Spesiale pryse aan Studente.*

★

Depots:
**Bult Droogskoonmakers en Wesvaal Waassery.**



**AJAX**

**Kerkstraat 159** **Foon 6175**

★

**BOEKE**

★

**SKRYFBEHOEFTES**



**WERKENOES**

**(Edms.) Bpk. — (Pty.) Ltd.**

★ **PLASCON VERF**

★ **ASBESPOTTE**

★ **FIETSREPARASIES**

★ **HUISHOUDELIKE WARE**

★ **YSTERWARE VIR BOUERS**

★ **SPEELGOED**

**Kekrstraat 96** **Telefoon 4154**

# Basta met taboes!

deur
MARAIS VENTER
(B.A. III)

Studentemening

Voor my op die lessenaar lê die Afrikaanse Verklarende Woordeboek oop op bl. 642 („taalverwarring' tot „tafelgoed') en kort bo my wysvingernael in kolom twee staan die woordjie „taboe".

Dit is allermins toevallig dat die boek juis op bl. 642 oop lê. (Ek is nie besig om soos ons stoere Calvinistiese voorouers die Boek te laat oopval sodat die toeval op 'n stigtelike woord mag spreek nie). Sien, ek wil nou juis 'n ietsie sê omtrent taboes — en dan nie sommer taboes in die algemeen nie, maar bepaald taboes op ons kampus.

### TOTEMISME.

Volgens Kritzinger beteken taboe dan „heilig, verbode, waaraan nie geraak of waaroor nie gepraat mag word nie." Met die taboe staan die totem (julle weet mos, daardie pale van die Indiane in die "comics") en die mite in noue verband; om die totem en die inhoude waarvoor dit staan (wat vergestalting vind in mites) sentreer daar sekere taboes wat die totem verskans, dit heilig en ontasbaar maak.

Nou mag die geagte leser opmerk dat 'n uiteensetting van die struktuur van primitiewe godsdienste hoogs irrelevant is onder die hoof „Studentemening" (soos „Christelike wetenskap" en ander mites hoort dit tuis by I.W.) Feit is dat totemisme — met sy meegaande mites en taboes — vandag nog in swang is, hoewel in veel meer geraffineerde vorm. Ook op ons kampus is dit nodig om daaromtrent te besin. Want ons kan en mag nooit verlief neem met totemisme — ook nie in sy „opgejazzde" vorm nie.

### VERSTARRING.

Totemisme dui op 'n siek samelewing; dit is 'n simptoom van verstarring in die kultuur en van die steriliteit van 'n lewenspatroon. Die groteske daarvan is dat iets wat natuurlikerwys oorleef behoort te wees, kunsmatig gehandhaaf en deur middel van taboes verskans word. Totemisme verdra geen vars lug nie, geen meningsverskil nie; alles wat enigsins ingaan teen die ideologie (wat driedubbel verskans is agter dogmas) word summier verketter. Die kenmerke van die totemisme is dan ook onverdraagsaamheid, selftevredenheid en kunsmatigheid.

'n Mens sou inderdaad skeel moet kyk van bevooroordeeldheid om hierdie kenmerke as die wesentlike aan die P.U. te onderskei — en met goeie rede! Want ons universiteit is na sy aard so ver verwyderd van totemisme as kan kom.

### GRONDSLAG.

Tog meen ek dat daar binne die P.U.-gemeenskap wel taboes voorkom — hoe genuanseerd en ononderkend hulle ookal mag wees. Wat kommerwekkend is, is die feit dat hierdie taboes die grondslag en voedingsbron van ons universiteit raak, nl. die Calvinistiese lewens-en-wêreldbeskouing. Dit kom my voor asof daar — sonder dat dit werklik voorbedag is, of dat alle studente en dosente insluit — 'n sameswering tot onbetrokkenheid in woord en daad bestaan waar deur die Calvinisme as werklik-radikale Bybelse Christendom van sy dinamiek beroof word.

Is ons besig om — bevange deur 'n gees van vreesagtigheid — skanse op te werp om die status quo te handhaaf? Verkrag ons die Calvinisme na sy wese deur van 'n dinamiese, uitwaartsgerigte lewenstyl 'n eksklusiwistiese, steriele sisteem van absolute waarheid te maak? Kortom, verlaag ons die Calvinisme tot 'n totem met 'n reeks taboes daaromheen? Kom daar genoeg tereg van 'n Bybelsegronde deurskouing en reformasie van die Calvinisme as sodanig? Wat word van so iets as waaragtige Christelike wetenskap IN DIE PRAKTYK aan ons universiteit — of word dit gerelegeer tot I.W.? Wat is die plek van die Bybel en belydenisskrifte binne die opset van 'n wetenskap IN U LIG?

### VRAE.

Dit is enkele van baie vrae wat gevra kan word. Wat gevra móét word. Waarom word so min van hul gehoor? Waarom word sommige van hulle onderdruk?

Ons sal moet werk daaraan om die taboes te deurbreek wat die Calvinisme en daarmee ons universiteite aan sy wortels omkors het. Die apatie en vreesagtigheid wat betrekking tot besinning oor prinsipiële en aktuele sake, die afskuif van verantwoordelikheid op hoër gesag, die onbetrokkenheid by die saak van Christelike wetenskap, moet plek maak vir 'n vars, Skrifdeurligte, dinamiese visie — wat die Calvinisme na sy aard is.

Laat ons die Calvinisme weer IN U LIG aan die lig bring! Basta met taboes!

## Uit die Woord

ALMAL NA MY TOE TREK

*En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na my toe trek. — Joh. 12:32.*

Jesus Christus sal deur die sondaars „„verhoog" word deur Hom aan die kruishout te hang. Die Vader sal Hom „verhoog" deur Hom in heerlikheid op Sy troon te laat sit. En Hy sal sy gelowiges „verhoog" deur hulle na Hom, dit is na bo, te trek.

Christus en die aarde soos dit nog onder die vloek lê, hoort nie bymekaar nie.

"Verhoog Hom van die aarde!" Die aarde wil Hom tog nie langer dra nie! Omwaardig is Hy om die aarde langer met Sy voetsool aan te raak. En daarom, as uitgeworpene, as misdadiger, as vervloekte, met Hom na die kruishout. Want Moses se wet het tog immers gesê: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang," — so roep die onheilige wêreld.

Maar "Verhoog Hom van die aarde!" is ook die bevel van God aan sy heilige engele. Verhef Hom bo die beklemdheid, die verstikking en ingesonkenheid van hierdie afvallige wêreld en gee hom eer en aanbidding en laat Hom klim op die troon.

As dit dan so met onse Here gegaan het, kan dit dan anders met sy verlostes, met sy dienaars, met sy heilige dissipels gaan?

"Jesus en die wêreld hoort nie bymekaar nie," beteken dit dan ook nie dat wie aan die Here Jesus behoort, nie in die wêreld mag opgaan nie, met hierdie wêreld mag vrede hê nie, bo die wêreld verhewe moet wees nie?

Ja verseker, want die kinders van God se woning is nie hierdie wêreld nie. Maar nou kan mens bo die wêreld verhewe word op tweërlei wyse. Of deurdat ek na bo wil opklim op eie vernuf, of dat Christus my na bo optrek.

En Christus se optrek na bo, tot Hom, sien nie alleen op die gelowige se sterwensuur nie, maar is 'n arbeid wat altyd deur duur, wat alreeds begin voor die geboorte. Dit verseël en bevorder die gelowige se lewensgroei en rypheid. En heerliker nog, selfs in die hemel nog sal die trekking bly. 'n Al digter, nouer, inniger tot Hom nadertrek van die verlosde deur sy Here.


## Redaksie

HOOFREDAKTEUR:
Gerrit Pienaar (6370).
NUUSREDAKTEUR:
Johan du Pisani (2129).
SUBREDAKTRISE:
Amanda Attwell (3211).
SEKRETARIS-PENNINGMEESTER:
Dave van der Walt (2067).
SIRKULASIEBESTUURDER:
Kobus van der Walt (2030).
ALGEMENE NUUS:
Quintus Pelser (2171).
SOSIAAL:
Nicolette van der Walt.
DAMESBLAD:
Jessica Knoetze (3214).
KOSHUISAANGELEENTHEDE.
Riaan Odendaal (2024).
AKADEMIES:
Willemien Jehrling (2037).
KUNS:
Jessica Knoetze (3214).
SPORT:
Gert van Jaarsveld (2030).
FOTO'S:
Danie van Graan (4722).
Gedoem deur Fotokuns.


die WAPAD

# ONS GROOT UNIVERSITEIT

Die Potchefstroomse Universiteit het vanjaar die laaste stap tot die status van 'n groot universiteit gedoen. 'n Universitêre inrigting met oor die 5 000 studente, van wie in die omgewing van 'n duisend op nagraadse vlak werk en wat in een jaar dertig doktorsgrade kan uitreik, heet in alle tale van die wêreld 'n groot universiteit.

Dit doen *Die Wapad* genoeë om by die bekendstelling van die laaste eksamenuitslae 'n woord van gelukwensing te rig aan die honderde studente van die P.U. wat vanjaar grade en diplomas gaan ontvang. As mondstuk van die studente wil *Die Wapad* ook sy waardering betuig jeens die personeel wat hierdie studente se prestasies moontlik help maak het. Vir almal is die gees van wedersydse agting wat aan die P.U. heers, 'n saak van blydskap en dankbaarheid. Dit geld nie oral nie, ook nie in Suid-Afrika nie.

Gemaklik het dit dusver nie vir die P.U. gegaan nie en vorentoe gaan sake ook nie maklik verloop nie. Die P.U. is nou eenmaal nie 'n provinsiale of status-universiteit of 'n inrigting wat om politieke of ander oorweginge voorkeurbehandeling ontvang nie. Wat ons wil bereik, moet ons met harde werk bereik.

Daar is veral 'n paar plekke waar die skoen vanjaar kwaai druk. Daar was teenspoed met die oprigting van koshuise, maar die vordering is tans so duidelik sigbaar dat tydelike ongerief verduur kan word. Die studente voel minder gelukkig, om dit sag te stel, dat nog geen sigbare vordering met die bou van die studentesentrum gemaak kan word nie — en ons sê dit in geen gees van verwyt teenoor die plaaslike universiteitsowerheid nie. Die fout — en daar is fout — moet elders gesoek word. Vir die groot P.U.-studentepubliek is daar geen saal of vergaderplek waar meer as 'n deeltjie van die studente kan saamkom nie. Dit doen afbreek aan die studentegees en daarom is alle verdere vertraging al hoe moeiliker aanvaarbaar.

Maar die Pukke is nie net teleurgesteld omdat die studentesentrum maar nie wil kom nie. Die P.U. het sy huidige grootte bereik ondanks verskeie lywige blokke aan die been. Daar word deesdae eintlik nie meer hardop gepraat oor 'n landboufakulteit nie. As 'n mens na die plaaslike hospitaaltjie kyk, lyk dit asof 'n mediese fakulteit ook nog ver in die verskiet lê. Dieselfde geld die broodnodige ingenieursfakulteit.

Daar is nie baie Puk-studente wat sommer toevallig hier aangeland het nie. Die oorgrote meerderheid is hier omdat hulle deur die gees en rigting van die P.U. getrek word. In die lig hiervan kan met reg gevra word waarom ons vriende wat bv. medici ingenieurs, argitekte e.d.m. wil word, elders 'n heenkome moet gaan soek.

Dit is 'n bekende feit dat sowat vier uit elke vyf ingenieurs in die land Engelstalig is. Intussen is daar maar twee Afrikaanse universiteite met ingenieursfakulteite — reeds vol, sodat toelating moeilik is.

*Die Wapad* wil hardop wonder hoelank die P.U. by die toekenning van sulke fakulteite nog buite sal moet sit en verkluim. Kan dit ons kwalik geneem word dat ons vir onsself vra wat ons graag aan alle ander gun?


U kan gerus u bande versool by . . .

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste prysr)

## WAT IS KARNAVAL ?




## KAMPUS

Vervolg van bladsy 1.

van studentebedrywighede te maak en die vereis dat besondere aandag aan die bou van paaie, aanplant van bome en struike en die voorsiening van parkeerareas gegee sal moet word.

Om in die behoefte van die steeds groeiende universiteit te voldoen, sal die hele elektrisiteitsvoorsiening aan die universiteit hersien moet word. Die voorsiening van water en riolering sal ook uitgebrei moet word om tred te hou met ontwikkeling.

Daar word tans aandag geskenk aan die verwydering van afval deur die oprigting van verbrandingsoonde.

Die uitvoering van bostaande program moet ingepas word in die finansiële voorsiening wat deur die Staat gemaak word, die finansiële drakrag van die Puk, die beskikbaarheid van materiaal en arbeid en dit moet versoen word met die tydskedules. Al hierdie beplanning en reorganisasie sal egter meebring dat die Puk nie alleen 'n funksionele en moderne kampus sal hê nie, maar ook 'n kampus wat 'n eie karakter weerspieël.

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**

**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

**SKAKEL 7074**

# Uitkoms

Daar het uiteindelik uitkoms gekom vir sowat 60 studente wat van die begin van die jaar af nie plek in die Universiteitskoshuise kon kry nie.

Die geboue van die Spraakleer en Drama en Geologie is ontruim, ietwat gemoderniseer en betrek deur sestig eerstejaars en tien seniors.

Na die rondte van Vader Cloete, wat onder meer losies in Here 17, daarna die Skuur, en by dosente en privaat mense behels het, het hulle nou uiteindelik 'n tuiste in Uitkoms gevind.

Op sportgebied skakel Uitkoms met Kompleks, maar verder fungeer hulle op hul eie.

Daar is alreeds 'n aangename gees en bydrae tot die studentelewe word reeds gelewer.

# DEUR MY LENS

Ons beleef skynbaar tans die era van hervormings, ondersoeke (geregtelik of parlementêr), evolusie en selfs revolusie.

Ek verstaan uit persberigte (die betroubaarheid of korrektheid waarvan ek my nie in hierdie stadium wil uitlaat nie) dat die A.S.B. besig is om homself te ondersoek of te laat ondersoek.

Voorwaar 'n prysenswaardige stap.

Miskien kom die A.S.B. tot die ontdekking dat hy is wat hy is: 'n sluimerende reus.

Die A.S.B. en dit waarvoor hy staan is geensins af te maak met 'n siniese kantskrif of twee nie. Inderdaad is die A.S.B. 'n noodsaaklike organisasie.

Die probleem met 'n organisasie soos die A.S.B., of die N.P., om die twee saam te gooi, of trouens enige organisasie wat langer as 20 jaar die botoon voer, is dat hy sy *dinamiek* verloor.

En dit is wat die jongmens van vandag soek in die organisasie of party waaraan hy homself verbind: *dinamiek*.

Synde 'n lid van die *now generation* (waarna met soveel hartstog as afkeurenswaardig verwys word) wil hy sien dat sy organisasie/party dinamies is — op die voorpunt, of noem dit die brandpunt, is.

In die taal van die *now generation:* sy organisasie moet *with it* wees.

Maar dan wil die jongmens van nou steeds weet dat sy organisasie/party ook behoudend is. Hy wil progressief, modern en dinamies wees sonder om homself, sy tradisies of Afrikanerskap te verloën.

En dan wil hy weet dat hy die reg het om sy stem te verhef as hy veronreg voel en dat hy objektief aangehoor sal word sonder om sonder meer in die buitenste duisternis uitgewerp te word.

Dus, A.S.B., as jy hand in eie boesem wil steek, doen dit gerus. Dit is hoog tyd.

As jy dit nie doen nie, gaan jy verstik in jouself.

Want jy bestaan *uit* studente *vir* studente.

En dit wat in die paragrawe hierbo staan, is, wat die student van jou vra.

Onthou dit.

Groetnis,


REFLEKTOR.

# Regstelling

In die Puk-sakboekie vir 1972 verskyn verkeerdelik dat mnr. Botter Botha voorsitter van Korps Veritas Vincet is. Die voorsitter is mnr. Vorster Combrink, terwyl mnr. Botha een van die Studenteraadsverteenwoordigers van Korps is.

## ONS STEL BEKEND

# PROF. J. S. DU PLESSIS



**Prof. J. S. du Plessis.**
*Fotokuns.*

Prof. J. S. du Plessis volg prof. W. N. Coetzee na 'n dienstermyn van 7 jaar op. Prof. du Plessis is reeds 26 jaar lank aan die Universiteit verbonde. Hy is in 1947 as permanente dosent in Geskiedenis aangestel, hoewel hy toe ook Staatsleer en Naturelle-administrasie dosseer het. Hy het in 1954 sy doktorsgraad met lof verwerf nadat hy ook sy M.A. met lof geslaag het.

Op sy vakgebied het hy nog altyd 'n leidende rol gespeel. Hy is ondervoorsitter van die Transvaalse hoofbestuur van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika asook onder-voorsitter van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging.

Hy is ook die afgelope aantal jare besig met baanbrekerstudie oor die geskiedenis van Afrika — tot nog toe 'n baie onontginde terrein. Met die oog hierop het hy in 1969 met behulp van 'n beurs in London verdere navorsing gedoen oor die vroeëre geskiedenis van Afrika.

Prof. du Plessis is verder ook lid van die Afrika-seminaar van die P.U. en het die afgelope twee jaar aan die seminaar se studietoere na Malawi en Madagaskar deelgeneem.

Behalwe al sy verpligtinge het prof. du Plessis ook 'n militêre belangstelling en beklee hy tans die rang van kolonel. Hy was lank bevelvoerder van die tenk-afweer-regiment Hendrik Potgieter en tot vier jaar gelede nog bevelvoerder van die Pantserkarregiment Mooirivier. Van toe af beklee hy 'n stafpos in die plaaslike Kommandement.

Prof. du Plessis het onder andere die Suiderkruismedalje, asook die John Chard-dekorasie verwerf.

# Florna weer na Mosambiek

Florna se hart lê maar nog steeds by Ponto Zavora in Mosambiek. Hulle is oortuig dat hierdie vakansie se kamp net so "groot" gaan wees as die kamp van verlede jaar.

Hulle vertrek die oggend van die 29ste Maart met 'n bus, slaap die nag op die grens en hoop om die volgende aand by hulle bestemming aan te kom.

Die duikers maak hulle gereed om die seebodem met hulle pylgewere te terroriseer — ons hoop dat hulle hierdie keer meer sukses sal behaal. Die ander sal so tussen die terroriste jag deur kyk wat die Portugese strand en see hulle kan bied.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

**Bult Droogskoonmakers en Wassery**

●

STUDENTE!

Dit is U droogskoonmakery en wassery. Hier sal u tuis voel.

●

BRING U SAK WASGOED — SPESIALE DIENS AAN STUDENTE.

Herstelwerk aan klere in 'n japtrap. Fout met u skoene? Bring hulle ook!

★

AFSLAG OP SEKERE HOEVEELHEDE.

●

**Tomstraat 98** **Telefoon 6674**

# VOLKSPELELAER BEDRYWIG

**Op Saterdagaand 18 Maart is 'n suksesvolle Volkspelesaamtrek in die Totiussaal deur die P.U.-Volkspelelaer aangebied.**

Altesaam dertig laers het die saamtrek bygewoon en die Totiussaal het gebuk gegaan onder die las van ongeveer driehonderd volkspelers. Die saamtrek is met skriflesing en gebed geopen deur ds. Steyn van Potchefstroom. Die leiding is waargeneem deur Jan de Kock, Hennie Steyn, Quintus Pelser en Pieter Lourens, terwyl die begeleiding waargeneem is deur Rina Putter.

Die aand het baie suksesvol afgeloop en dit was vir die Volkspelers verblydend dat so 'n groot aantal besoekers die saamtrek bygewoon het.

Gedurende die Aprilvakansie gaan die Volkspelers soos in die verlede weer toer. Die groep vertrek op Saterdag 8 April na Naboomspruit en besoek ook Nylstroom, Warmbad, Brits, Rustenburg, Koster en Ventersdorp.

Die afrigting word deur Pieter Lourens waargeneem. Die doel van die toer is veral om Volkspele as nasionale spel by skole te demonstreer en aan te moedig en ook om die Puk se naam na buite bekend te stel en uit te bou.

Soos in die verlede word daar voor pouse 'n aantal interessante en minder bekende speletjies gedemonstreer, terwyl daar na pouse gesellig saamgesing word en ook teenwoordiges by die Volkspele betrek word.

As toerouers sal mnr. en mev. Jan-At Kruger optree, terwyl die laerleier en -leidster Jan de Kock en Rina Putter is.

## Goue Weste

**Maan. 20 en Dins. 21 om 7 nm.:**
**Vry. 24 en Sat. 25 om 6.45 nm.:**
**"COLD TURKEY"**
Dick van Dyk, Pippa Scott

★

**Woens. 22 en Don. 23 om 7 nm.:**
**Vry. 24 en Sat. 25 om 9 nm.:**
**"GUNS OF THE MAGNIFICENT SEVEN"**
George Kennedy, James Whitmore.
(4-16).

★

**Maan. 27 en Dins. 28 om 7 nm.:**
**Sat. 1 April om 6.45 nm.:**
**"LITTLE FAUS AND BIG HALSEY"**
Robert Redford, Lauren Hutton.

★

**Woens. 29 en Don. 30 om 7 nm.:**
**Sat. 1 April om 6.45 nm.:**
**"RIOT"**
Jim Brown, Gene Hackman
(4-18).

## Potch. Inry

**Maan. 20 en Dins. 21 om 7 nm.:**
**Vry. 24 en Sat. 25 om 9 nm.:**
**"THE MAN I LOVE"**
Jean-Paul Belmondo, Annie Girandot.
(4-18).

★

**Woens. 22 en Don. 23 om 7 nm.:**
**Vry. 24 en Sat. 25 om 6.45 nm.:**
**"THE CHRISTMAS TREE"**
William Holden, Virna Lisi

★

**Maan. 27 en Dins. 28 om 7 nm.:**
**Sat. 1 April om 9 nm.:**
**"THE ARRANGEMENT"**
Kirk Douglas, Faye Dunnaway, Deborah Kerr.
(4-18).

★

**Woens. 29 en Don. 30 om 7 nm.:**
**Sat. 1 April om 6.45 nm.:**
**"THE BAREFOOT EXECUTIVE"**
K7rt Russell, Joe Flynn.

## 20th Century

**Maan. 20 en Dins. 21:**
**"THE SOLDIER WHO DECLARED PEACE"**
Warren McGavin, Earl Holliman.

★

**Woens. 22 en Don. 23:**
**"JEALOUSLY ITALIAN STYLE"**
Marcello Mastroanni, Monica Vitti.
(2-18).

★

**Vry. 24 en Sat. 25:**
**"THE LAST RUN"**
George Scott, Trish van Devere.
(4-18).

★

**Sat. 25 om 2 nm.:**
**"KIM"**
Erroll Flynn, Dean Stockwell

★

**Maan 27 en Dins. 28:**
**"CARRY ON TEACHER"**

★

**Woens. 29:**
**"MICKEY MOUSE FESTIVAL"**

★

**Don. 30 en Sat. 1 April:**
**"THE SICILIAN CLAN"**

# ORRELIS IN POTCH.

Feike Asma, die wêreldberoemde Nederlandse orrelis sal Suid-Afrika tydens 'n kort konserttoer vanaf 24 Maart tot 21 April vanjaar besoek.

Feike Asma is in 1912 in Den Helder, Nederland gebore en studeer onder orrelmeesters soos Jan Zwart, Hendrik Andriessen en Hugo van Dalen. Onder Paul van Kempen volg hy 'n dirigent-kursus. Reeds vroeg is hy 'n gesogte orrelis.

Hoewel hy die groot romantiese werke in sy programme handhaaf, beywer hy hom die laaste jare vir moderne orrelmusiek van huidige Nederlandse komponiste. Hy is ook baie bekend vir sy koraalverwerkings van Psalms en Gesange.

Mnr. Asma onderneem jaarliks konserttoere deur Europa, Amerika en Kanada, maar dis vanjaar sy eerste besoek aan Suid-Afrika. Hy lewer op Dinsdagaand 'n uitvoering 'in die N.G. Moederkerk, h.v. Potgieter en Krugerstraat, Potchefstroom. Musiekliefhebbers kan hulle klaarmaak vir 'n ware orrelfees.

# OOR DIE ONDERDEUR

Liewe Pukke,

My hart voel skoon seer vandag, want julle gaan almal met vakansie en ek moet agterbly. Maar julle verdien seker die ou vakansietjie, (wat bedoel is vir sleep) want wie kan nou regtig lekker sleep as die akademie so druk tydens die eerste kwartaal?

Almal het nou ook tyd gehad om kennisse op te bou, dus gaan daar na die vakansie darem groot dinge gebeur . . . Moed hou!

Ek hoor hulle noem **Johan Roos** deesdae **Smiley**, ek wonder of daardie diamant aan **Karlien Pretorius** se vinger dalk die oorsaak is? Wanneer **Joe Fourie**, sy kamermaat, tot die belangrike stap sal oorgaan, hang seker van **Rita** in Nellie Swart af.

Van belangrike stappe gepraat, wat is **Ernest de Wet** se aantrekkingskrag deesdae in Karlien? Miskien dink hy Beplanning en Perswetenskap is 'n goeie kombinasie — en u, **mej. Haefele**?

**Ben van der Merwe, Elsa Oosthuizen** weet darem nie wat jy sonder ORE sou gemaak het nie. Aiii . . .

Ek wonder of die ligte nog flikker, **Doep**? En weet **Colleen Gilliland** darem al daarvan?

So in die verbygaan wil die manne van Piet Groblerhuis ook net vir **Christo Grobler** hartlik gelukwens met sy verlowing en hulle hoop ook die dat daar meer sal wees nie.

Vandat Gatland nou 'n boot gekry het, kom hulle tweede in die hengelkompetisie danksy die goeie leiding van die Joodse Rabie; die Kuludames wil hulle gelukwens met die goeie vangs.

Dit lyk vir my daar gaan groot dinge aan tussen Ons Huis en Kulu. Naweke word daar mos uitstappies gereël na plase, damme en nog meer, maar dit is altyd net dieselfde klomp. Kan die ander nie ook 'n bietjie uitgenooi word nie? Ek vra net.

Noudat **Elsa** terug is na Tukkies is **Charl** heeltemal verlore — hy is gedurig soekende.

**Riaan Lotz** het verlede jaar elke naweek Krugersdorp toe gegaan, nou sien die plek hom maar min en **Marietha Breed** trek die voordeel. Middelburg is glads te ver, nê **Sarie**-en hoe hou jou **Bennie** dit? Ons sal daarvan hou as **Chris Schoeman** vir ons duidelikheid kan gee omtrent sy sleepaksies met **mej. Liebenberg**, of het hy self nie duidelikheid nie?

**Andries Krogmann** sê soort soek soort.

Die liefde tussen Fanie **Badenhorst** en **Connie van der Westhuizen** duur na al die maande nog voort soos 'n onu'tblusbare vuur; dis rukkers en etes en etes en fotos. Hulle kan dit bekostig, ek hoop hulle ouers ook. **Mackie Venter** sê dis heerlik om met **Martie** te sleep, dit bespaar tyd en brandstof.

**Rolien Hoogendyk** se oë skitter alweer soos sterre — te oulik! **Hennie Groene(wald)** dink dat Groen . . . **Marietjie (de Bruin)** beter pas as Bruin.

Die Puk-rugbyspanne kan maar gerus vir **Annatjie** dankie sê — dit is sy wat **Piet Roodt** inspirasie gee om sy manne vol moed op die veld te lei. **Konkie van der Walt**, daar is baie ander seniors wat ook dink eerstejaars is oulik, veral die van Oosterhof — sleep dus lekker.

**Deet Holtshauser**, moenie so vinnig stap nie, die meisie wil graag bybly!

Julle moet lekker vakansie hou,

Groete,
AGIE.

# „BRUID IN DIE MORE" ONTROER

Bruid in die More, Hugo Claus.
Uit Vlaams vertaal deur Jan Rabie.
Regie: Franz Marx.
Teater: P.U. Kamertoneel.

Dit kan nie anders as om 'n mens met ontroering sowel as skrik te laat wanneer die nood van die menslike bestaan, tot selfs die perverse daarvan, in al sy naaktheid oopgevlek word nie. Die hartstog van diegene wat eens groot was, maar wat laag gedaal het, word sonder kompromis oopgevlek. Die obsessie van die moeder wat haar en haar gesin uit hulle sosiale en ekonomiese nood wil red en dan in die proses 'n veel groter ramp bewerkstellig as die vereensaming waarin hulle geworstel het word uitgebeeld.

„Bruid in die More" is 'n polemiese tragedie wat meer is as net 'n fyn sielkundige ontleding. Dit het dramatiese slaankrag, wat onder die bekwame hand van 'n regisseur soos Franz Marx meesterlik hanteer en uitgelig word, sodat dit 'n aand van teater uit die hoogste rakke word.

Jan Rabie se vertaling uit Vlaams slaag daarin om die land se gees en leefwyse weer te gee, maar waarom „rand" in plaas van „frank"?

Estelle de Waal as die moeder, wat uiteindelik as tragiese figuur uittroon, lewer skitterende spel en slaag uitmuntend in haar vertolking om skrik en medelye by die toeskouer te laat posvat. Op dieselfde vlak is die spel van Pierre van Pletzen as die onskuldige wêreldvreemde Thomas. Heleen le Roux as Andrea lewer spel van hoogstaande gehalte en Henk Wijbenga is konsekwent die passiewe vader en komponis, Pattini. Cornel Landman vul die rol van Hilda.

Met 'n paar vlakke en die allernoodsaaklikste meubels is die dekor funksioneel en effektief, want nie net is dit so aangepas by die teater en die verhoog nie, maar slaag dit ook om die gestroopte milieu weer te gee. Noodsaaklik is ook die rol wat beligting speel om van die een vlak na die ander te beweeg. Die tradisionele beligtingsvoorpel vir die opening van 'n nuwe teater was treffend. Die klank, wat van hoë gehalte getuig, dra by om die somber atmosfeer te skep.

## Collegium Musicum verras

Collegium Musicum het Saterdagaand hulle program vir die jaar op 'n hoë noot ingesit met die aanbieding van 'n program waarin moderne musiek uit Frankryk voorgedra is.

Die spel en sang was deurgaans van hoogstaande gehalte en daarom is dit moeilik om uitsonderlings te maak. Tog moet prof. Pieter de Villiers lof ontvang vir die besondere knap wyse waarop hy hom as begeleier en solis onderskei het. Selfs die minder ingeligtes kon nie anders as om getref te word deur sy besondere vertolking van Messian se „Woudlewerkie" nie.

Indien hierdie konsert 'n voorsmakie is van wat vanjaar op die musiekliehebber wag, beloof 1972 om 'n jaar van hoogtepunte te wees.

## Alabama soek toerlede

Die toergroep van die Alabama Studentegeselskap is nog nie gefinaliseer nie en persone wat belangstel om die toer gedurende die Julie-vakansie mee te maak, het nog geleentheid om aansoek te doen, het mnr. Pieter Mulder, die Voorsitter van Alabama vir 1972, gesê.

Hoewel die koorlede reeds almal gekis is, word daar veral gesoek na tegnici. 'n Persoon wat die beligting kan waarneem word gesoek en persone met ondervinding van elektriese apparate sal voorkeur geniet. Daar word ook aansoeke ingewag vir 'n klanktegnikus. Wat instrumentaliste betref, word daar gesoek na persone wat trompet speel, asook na 'n bekwame klavierspeler of -speelster.

Persone wat belangstel om te toer, met mnr. Mulder voor Woensdag 29 Maart by Over de Voor of by die Studenteraadskantoor kontak.

Wat die koor betref, het mnr. Johan van Rensburg gesê dat die koor beter is as ooit en dat daar fluks gevorder word met repetisies.

## Te koop

TROUTABBERD: Wit „twinkle" satyn trourok. Ontwerp en gemaak deur Jannie de Villiers van „Bruide-to-be", Pretoria. Pas: 32-34 borsmaat. Oorspronklike prys R80. Nou beskikbaar teen R30. Skakel Potchefstroom 5067.

## Thalabama kampeer

Thalabama — nog 'n nuwe organisasie? Nee, net 'n naam vir die genotvolle kamp wat Thalia en Alabama gesamentlik by Schoemansdrift langs die Vaalrivier gehou het.

Nuwelinge was spoedig ou bekendes, veral as die randjiesklim mens saam-saam moeg maak om van die ritjies in die binneband op die Vaalrivier nie te praat nie! Dit het egter net die toerpa, meneer P. v. Z. Aucamp, se naamgeevernuf getoets as hy elke rit vooraf seremonieel moes doop. Oudergewoonte het daar nie aan kampvuurtalent ontbreek nie en die sang het almal nog nouer saamgesnoer. Selfs die reën kon nie die gees demp nie, sodanig dat die gesamentlike sang in die tente selfs die beeste aangelok het om hul waardering te toon.

HUIS en TUIN
Vir al u Studentebehoeftes.
★
Tel. 4641
★
U KEN ONS

# OP DIE KOSHUISFRONT

**HEIMAT:**

Heimat het die jaar op 'n hoë noot begin en van verflouing is daar nog glad nie sprake nie. Inteendeel, selfs die eerstejaars begin al met ons wees! 50% van Heimat se inwoners het opgeruk na Pretoria om Fanie van Zijl te gaan ondersteun. Watter koshuis kon ons dit namaak?

Ons eerstejaars het hulleself oortref met die bros-eksamen — laagste punt was 'n sewe! Heimat se geledere is uitgebrei met die vennootskap met Haak-en-Steek. Hou hierdie kombinasie dop!

Heimat is op die voorpunt as dit by sport kom. Hier is 'n Springbok-atleet, twee provinsiale kanovaarders, 'n Suid-Transvaalse karate-kampioen en so kan ons voortgaan. In Heimat is dit egter nie individue nie, maar die algemene koshuisgees wat primêr is en wat ons so wil behou.

**KASTEEL:**

Die inwoners van Kasteel is ongetwyfeld deesdae in die kalklig. Wat gaan hulle maak? Hoe lyk dit daar? Hoe lewe dames in 'n mans-koshuis? Ons het 'n morsige lewe (in studentetaal uitgedruk). Ons hou intertees met die manne van Gatland, Heimat, Over-de-Voor en natuurlik ook met die grote Skuur!

Op die swemgala was Margarette Stock ons troekaart en sy het nie minder as vier keer vir die Kasteel punte aangeteken nie. Sy het verlede jaar ook vir die PUK geswem en ons wag vir groot dinge. Die „Kasteelinne" (Prof. Rassie se troetelnaam vir ons) het onlangs 'n arme drommel geteer-en-veer — tot ontsteltenis van die Ma — waarna die eerstejaars die gemors moes skoonmaak!

**HEIDE:**

Heide was vanjaar al verskeie kere in die kalklig. Onlangs het Heide toe weer so gemaak en die swemgala gewen, met swemmers van die kaliber van Ina Koen en Retha Zietsman. Voeg dan nog Hilta Liebenberg, Ignatia Bester en Yvonne Kitshoff by — geen man sal in staat wees om hulle op land of op see te vang nie! Almarine Smith en haar aflosspan kan gerus probeer uitkom by die Olimpiese Spele! Sal sommer baie goed vaar!

En dan dra al ons eerstejaars nou skielik metaalknopies . . . die voorlopige baadjie in pilvorm! As soveel eerstejaars bros slaag, hoeveel onderskeidings wag daar nie die einde van die jaar op akademiese gebied nie?!

**MAKOUVLEI:**

Die manne van Makouvlei was eers stil, maar toe die uitbarsting kom, was dit groot! Op die 11de Maart het ons „interfliek-span" Heide betrek en summier oorweldig; die 12de is ons 'n „intertee-span" en berei Kasteel voor vir 'n groot besoek aan die „Wimpy's Bar". Ons opregte Makouvlei-dank aan die dames van Kasteel.

Groot dinge word vir vanjaar beoog en die gees is reg! Daar word geoefen vir die sêrkompetisie en die eerste stywe spiere en sweetdruppels is al agter die rug vir die komende rugbyseisoen.

**OOSTERHOF:**

Hier op die hoek gaan dit nog voor die wind, behalwe dat ons byna weggespoel het met die reëns van die afgelope tyd!

Ons sien die eerstejaars knaag so knaend. Dit is waarskynlik die oorsaak van die groot propkekort in die badkamers. Die seniors wonder maar net, Eerstejaars!

Terloops, die vriendelike asters deesdae op die Puk is Oosterhoffers, want ons het ons eie „Groet-almal-wat-voorkom"-veldtog geloods. Ons 'hoop dis aansteeklik, PUKKE!

**THABA JAH**

In verhouding met ander koshuise het ons van die meeste nagraadse studente (10) as aangeneem word dat ons oor 'n inwonertal van 75 beskik.

Ons was ook aangenaam verras om te sien dat die ou murasie verander het in 'n „5-ster koshuis" nadat reperasies aangebring is.

Sommer met die intrapslag het Thaba-Jäh sy slag getoon, nadat daar met die klein bydrae van Dorp, onderskeidelik die Eerstejaars-atletiek en die swem gewen is.

Ons verneem uit die "Hoekie-vir-Eensames" van 'n verlowing of twee nl. Papie Papenfus en Dup du Plessis. Is Melk van der Westhuizen en Daan Smit van plan om binnekort voor die kansel te verskyn.? Die ander ouens wag vir die dames: dit is mos skrikkeljaar . . .

## MONTIUM KLIM KRANSBERG

**In die jaaroue tradisie van Montium was die naweek-uitstappie vanaf 3 tot 5 Maart weereens 'n groot sukses. Die groep van agt-en-veertig, meer as gewoonlik, was Kransberg toe.**

Op Vrydagmiddag om 3 uur het hulle in die pad geval. Die vragmotor het hom nou wel nie al te goed gedra nie, maar het darem sy eerste breekplek naby 'n groenmielieland gekies, waar toe heerlik gebraai en weggelê is. By die kampplek aangekom, was die verhouding by die groep al so heg dat dit die kampverdeling aansienlik bemoeilik het. Volgens verneem is, het die dames uiteindelik nesgeskop tussen die klippe, terwyl die mans hulle op die mos neergevly het.

Voedselvoorrade het bestaan uit Pro Vitas, sjokolade, kaas en droë vrugte en die naweek se program het hoofsaaklik bestaan uit klim, stap, min slaap en baie gesels.

Op Sondagmiddag is die wapad weer gekies, terug Puk toe. Na nog 'n breekslag is die vragmotor twee myl ver gestoot tot by Thabazimbi. Op die manier is sommer 'n gelling brandstof ook gespaar.

Die volgende Montium-aksie is die Sani-pas-kamp, vanaf 29 Maart tot 3 April. Die plek is reeds verken en voldoen aan alle Montium-vereistes.

Wat die program betref, word beplan om eers met sak en pak 4 000 vt. te klim, dan drie myl te stap en daar kamp op te slaan. Van hier af sal uitstappies gemaak word na Hudsons Peak en Thabana Ntlenyana, wat die hoogste piek in Suid-Afrika is. (Voorspoed aan die kransburgers met die uitstappie).

Montium vier ook vanjaar op 24 Maart hulle eerste verjaardag in die vorm van 'n reünie-braaivleis by hulle toerouers, Bessie en Kobus. Van Wapadkant, baie geluk en nog baie gelukkige bergklimjare vorentoe.

## VERVOERPROBLEEM GENIET AANDAG

**Daar word tans dringende aandag aan diè vervoerprobleem wat deur hoof- en onderliggame van die S.R. ondervind word, geskenk.**

In 'n verslag wat deur die Komitee vir Voertuie van die S.R. uitgebring is, word aanbeveel dat die owerhede versoek word om 'n tweede bus aantekoop of dat twee kleiner busse en twee 'kombi's gekoop word.

Probleme word veral oor langnaweke en vakansies ondervind. Gevolglik moet teen hoë koste van buite-vervoer gebruik gemaak word. Dit geskied tot voortdurende finansiële nadeel vir die S.R. Hopelik sal die vervoerprobleem in die nabye toekoms nie meer so erg wees nie.

## Orientering slaag

In 'n Oriënteringsverslag wat deur die Eerstejaarskomitee van die Studenteraad voorgelê is, spreek mnr. Kobus Kotze die mening uit dat die oriëntering, hoewel probleemryk, baie suksesvol was.

Die doel van oriëntering is om die eerstejaarstudent die volle geleentheid te gun om homself te vereenselwig met die nuwe situasie en dit sy eie te maak. Verder moet daar gesorg word dat die eerstejaar die uniekheid van die Puk besef sodat hy deel in die kenmerkende lewenstyl van die universiteit. Die oriënteringsprogram moet ook sorg dat 'n lewendige belangstelling in die georganiseerde studentelewe aangewakker word.

In al hierdie oogmerke, meen die komitee, is grootliks geslaag. Die komitee meen ook dat 'n spontane Puk-gees onder die eerstejaars bemerk is.

## TWEE ASTERS PRESTEER

Mejj. Ria van den Berg en Ruanda Jacobs wat besondere goeie prestasies in atletiek behaal het tydens byeenkomste hierdie jaar. Ria het tydens die Wes-Transvaalse kampioenskappe die S.A. rekord vir die 200 m. geëwenaar met 'n tyd van 28,4 sek. en op 18 Maart die tyd afgebring na 28,2 sek. op Pilditchstadion. Ruanda het tydens die Dalrymple die uitstekende tyd van 11,6 sek. oor die 100 m. en tydens die P.U.-kampioenskappe die tyd van 11,7 sek. oor die 100 meter behaal. (*Fotokuns*).



## Groot aantal slaag

Die uitslae van die kleurbaadjie- en oriënteringseksamen het die afgelope tyd groot opskudding verwek. Die goeie uitslae getuig daarvan dat die eksamen in 'n ernstige lig beskou is. Dit kan terselfdertyd toegeskryf word aan die uitstekende ondersteuning wat die huiskomitees en seniors gebied het. Grapmakers het wel hier en daar opgeduik maar dit was meesal onder die seniors, aldus mnr. Jorrie Jordaan.

Daar is nagelaat om vooraf bekend te maak dat daar pryse op die spel was, omdat daar dan moontlik 'n verkeerde motivering vir die skryf van die eksamen kon wees. Die pryse kom dan as verrassing en sal op die kampus bekend gemaak word.

Daar het vanjaar 720 eerstejaars geslaag en 248 gedruip, teenoor die 284 geslaag en 294 druipelinge van 1971. Onder die seniors het 195 geslaag en 45 gedruip. Verlede jaar het 57 geslaag en 28 gedruip. Die totale inskrywing van vanjaar is 1208 teenoor verlede se 663.


JOUBERT MEUBELS

★

*Kom besoek ons vir*

MEUBELS VAN GEHALTE EN GRAMMOFOONPLATE

Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420

U het volop keuse in ons grootverskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

Vriendelike bediening van 'n mede-Afrikaner by . . .

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
U tevredenheid is ons PLESIER!

*Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings*

TEL. 6670

# FANIE BEHAAL WÊRELDTYE

**FANIE VAN ZYL se nuwe S.A. rekord van 3:37,9 oor die 1 500 m, wat hy op Saterdag 11 Maart op Potchefstroom opgestel het, is die beste vertoning in Suid-Afrikaanse atletiek sedert Dicky Broberg en Danie Malan se 1:44,7 en 1:45,1 oor die 800 meter verlede jaar op Stellenbosch.**

Die tyd is die derde beste wat op 'n hoogte van meer as 1 259 m. bo seevlak opgestel is. Potchefstroom lê op 'n hoogte van 1 359 m.

Die nuwe rekord is 2,9 sek. vinniger as die van De Villiers Lambrecht se amptelike S.A. rekord van 3:40,8 wat aan die kus opgestel is.

Hoe ver hy gewen het, blyk uit die tye van Ernie Worth en Bernard Rose wat tweede en derde plekke onderskeidelik behaal het. Albei het die beste tye van hulle loopbaan behaal, nl. 3:51,4. Fanie het van die begin tot die einde 'n egalige vinnige pas gehandhaaf te midde van die geesdriftige skare se aanmoediging.

Nog 'n goeie vertoning deur Fanie was Dinsdagaand 14 Maart toe hy die Matie-atleet Dicky Broberg in die 800-meter (1:47,1) geklop het. Broberg was tweede in 1:49,6.

Dit was nogal 'n heel gedenkwaardige byeenkoms — nie net omdat dit gehou is ter inwyding van die paviljoen op die L. C. de Villiers sportterrein van die Universiteit van Pretoria nie, maar ook omdat 'n paar beamptes deur weerlig platgeslaan is. Verder was daar ook ander puik prestasies: M. Joubert se S.A. rekord van 13,6 in die 100 m. hekkies.

Afgesien van die 3 000 toeskouers onderdak, was daar sowat 2 000 in die reën. Die groot belangstelling was veral vir die 800 meter vir mans. As dit nie vir die reën was nie het Fanie dalk nog 'n beter tyd behaal.

Fanie is besig om 'n legende in Suid-Afrikaanse atletiek te word. Na sy rekordtyd van 5 min. 10 sek. oor die 2 000 meter op Saterdag 26 Februarie, is Fanie 'n vierdubbele S.A. rekordhouer.

Behalwe die 2 000 meter is hy ook die Nasionale houer oor die 1 000 meter (2 min. 21,3 sek), 1 500 meter (3 min. 40 sek.) (wag egter nog op erkenning) en die 3 000 meter (8 min 0,2 sek.). Verder het hy vroeër die seisoen ook met Fiasconaro in die 800 meter afgereken (1:47,9).

Oor die naderende S.A. Kampioenskappe wil Fanie nie veel sê nie en tog het dit geblyk dat hy hom reg maak vir groot dinge en kan ons seker wees dat hy met pragvertonings voor die dag gaan kom.



Fanie van Zyl.
*Fotokuns.*

# PUKKE MAAI ONDER REKORDS

**As ons na die statistiek van die afgelope paar byeenkomste kyk, het die Puk-atlete gemaai onder rekords en kampioenskapstitels.**

Daar is een S.A.-rekord verbeter, een S.A.-rekord geëwenaar en een Noord-Transvaalse rekord, twee Wes-Transvaalse rekords, drie Noord-Transvaalse titels, ses Wes-Transvaalse titels en 22 universiteite rekords verbeter.

Op 8 Maart het die Pukkampioenskappe vir die vierde agtereenvolgende jaar plaasgevind. Twee-en-twintig Universiteiterekords is verbeter en twee is geëwenaar. Na die byeenkoms is Willie van der Westhuizen aangewys as die beste mansatleet en Ruanda Jacobs as die beste dames-atleet en Bernard Rose as die beste junior atleet van die aand.

Fanie van Zyl het weereens skitterend vertoon e benewens eerste plekke in die 800 m. (1:48,9) en 1 500 m. (3:48,6) was hy tweede na Willie van der Westhuizen in die 200 m. met die baie goeie tyd van 22 sek.

Verdere Wes-Transvaalse titels is ingepalm deur Hansie Booysen (gewigstoot 52' 2¼"), H. Smit (werpskyf 157') Bea Marais (800 m. in 2 min. 7,4 sek.) en Marie Viljoen (gewigstoot 46' 6¼"). Bernard Rose het die beste tyd van sy loopbaan in die 1 500 m. (3:51,4) aangeteken.

SENIOR MANS.

Die finale puntestand was as volg:

| | |
|---|---|
| Dorp en Thaba Jäh. | 131 |
| Over de Voor | 96 |
| Skuur | 91 |
| Kompleks | 72 |
| Dawie Dup | 20 |

JUNIOR MANS.

| | |
|---|---|
| Dorp | 109 |
| Over de Voor | 95 |
| Skuur | 70 |
| Dawie Dup | 6 |
| Kompleks | 0 |

DAMES

| | |
|---|---|
| Karlien | 63 |
| Heide | 51 |
| Klawerhof | 49 |
| Dorp en De Klerk-huis | 46 |
| Kasteel | 29 |
| Oosterhof | 19 |

## Kanoklub gestig

'n Kanoklub is op 13 Maart 1972 op die Puk gestig. Die belangstelling was bo verwagting goed.

Die gedagte het ontstaan as gevolg van die belangstelling by 'n groep studente en die teenwoordigheid van soortgelyke klubs op omliggende dorpe.

Op die vergadering is die volgende bestuur verkies: Voorsitter: Saal de Jager; sekretaresse: Heleen Burger; penningmeester: Johan Joubert; addisionele lede: Hermien Erasmus en Chris Lotter.

Die bestuur beoog die uitbreiding van die klub en kompetisies teen ander klubs op Parys en ander universiteite soos Pietermaritzburg en Stellenbosch Verder beoog hulle ook toere gedurende vakansies en naweke. Die klub beskik reeds oor ses kano's.

Die oefeninge geskied daagliks vanaf 4.30 nm. by Potchdam. Mnr. de Jager daag enige beginner om te kom probeer en as hy 50 m. ka n roei sonder om om te val, kry hy 'n kano gratis Almal is baie welkom.


## KOLLEGE DIENSSENTRUM

H/v. Von Wielligh- en Presidentstraat. Tel. 5800

★

VIR CITROEN EN RENAULT

★

Groot voorraad uitgesoekte, gebruikte motors. Volledige verkope, onderdele en herstelwerk vir alle motors.

★

ONS SPESIALISEER IN CITROEN EN RENAULT


# Over de Voor delf onderspit

**Op Saterdag 18 Maart het die jaarlikse kragmeting tussen Over de Voor en Taaibos plaagevind te Pretoria.**

Met 'n eindtelling van 20-10 in die guns van Taaibos het Over de Voor die onderspit gedelf, maar dit het nie ontbreek aan mooi rugby nie en die geesdrif het nogtans hoog geloop. Dit was van die begin af duidelik dat Taaibos goed voorberei was vir die wedstryd. Die rustydtelling was 7-3 in die guns van Taaibos, nadat Johan Kriek vir Over de Voor met 'n strafskop geslaag het.

Gedurende die tweede helfte het Over de Voor mooi vertoon, maar kon nogtans nie daarin slaag om die nodige punte te behaal nie. Verdere punte vir Over de Voor is 'n vier wat deur Kierrie de Jager gedruk is en 'n strafskop.

Oor die hantering van die wedstryd deur die skeidsregter voel die Over de Voor-manne nie baie gelukkig nie, veral nie oor die vier van Karel van Heerden wat weens obstruksie nie toegeken is nie. Die toepassing van die voorkeurreël het ook kritiek uitgelok, maar oor die algemeen is Over de Voor dit eens dat Taaibos hulle meerdere was.

Die tweede- en derdespanne van Over de Voor het albei met skitterende spel vorendag gekom en hulle onderskeie wedstryde gewen.

Daar is ook meegeding in brug, skaak, snoeker, tafeltennis, veerpyltjies, tennis, en „boatrace".

Die dag is afgesluit met 'n onthaal in die "Chappie Den" en die manne van Over de Voor begin nou al hulle tande slyp om die neerlaag te wreek.

## Pukdames in vertoontennis

Vier tennisspeelsters van die Pukke het verlede Saterdag op uitnodiging aan vertoonwedstryde deelgeneem met die ingebruikneming van die nuwe bane van die Laerskool Kreft op Kemptonpark. Die dames was Marlene Lombard, Helene Schoch en Enid en Mareke Rencken.

In die eerste wedstryd van die dag het mej. Lombaard met 6-4 teen mej. Schoch gewen waarna die susters Rencken mejj. Lombard en Schoch in 'n aanskoulike wedstryd met 7-5 geklop het.

Die hoofvertoonwedstryd was die gemengde dubbelspelwedstryd tussen Kenny Smith (afrigter van die studente wat ook genooi was) en Mareke Rencken en N. Gouws (driedubbele kampioen van die Kemptonparkse tennisklub) en Marlene Lombard.

Smith het met pragtennis vorendag gekom wat hom en mej. Rencken in staat gestel het om met 6-1 en 6-3 met hulle opponente af te reken.

## Kriekettellings

Vir die week eindigende 18 Maart was die puntestand as volg:

| | Speel | Wen | Verloor | Gelyk | Punte |
|---|---|---|---|---|---|
| Piet Groblerhuis | 8 | 5 | 2 | 1 | 11 |
| Kompleks | 8 | 4 | 2 | 2 | 10 |
| Over de Voor | 8 | 4 | 2 | 2 | 10 |
| Dawie Dup | 9 | 4 | 4 | 1 | 9 |
| Dorp | 8 | 2 | 4 | 2 | 6 |
| Skuur | 9 | 2 | 7 | - | 4 |

## Gimnastiek — Toergroep



**Die dames van die Gimnastiekspan wat gedurende die Aprilvakansie gaan toer, is tans druk besig met afrondingsoefeninge.**
*Fotokuns.*


SUZUKI

DIE REGTE PLEK VIR FIETSE EN MOTORFIETSE

## PARK FIETSWINKEL

— OOK HERSTELWERK —

★

Van Riebeeckstraat 81 en Wolmaransstraat 88.